

Nico van
Gijzen



Raad met jou rande

Ek hoor baie hoe daar gepraat word en selfs "raad" gegee word oor polisse wat kwansuis vrygestel is van boedelbelasting. Hier is die feite.

'n Polis op jou lewe val in jou boedel en word as eiendom beskou en is onderworpe aan boedelbelasting. Al word die polis deur iemand anders besit, of al betaal dit uit aan iemand anders, dit is steeds geagte eiendom in jou boedel en vatbaar vir boedelbelasting.

Die bepalende faktor hier is die lewe wat verseker is, nie aan wie dit uitbetaal, of wie die eienaar van die polis is nie. As jy niks anders onthou uit my rubriek vandag nie, onthou dit.

Dit geld net vir binnelandse polisse. 'n Polis wat in die buiteland uitgeneem is en in die buiteland uitbetaal, is nie vatbaar vir boedelbelasting hier nie.

Lewenspolis is nooit jou geld nie

Hoekom geagte eiendom en nie eiendom nie? Omdat 'n polis 'n kontrak is, aangegaan met 'n versekerer, om ná die dood van die versekerde lewe 'n bedrag geld uit te betaal.

Dit is nooit jou eiendom nie. Jyself sien nooit die geld nie. Jy kan niks daarmee doen nie, anders as om die opbrengs te begunstig aan iemand anders, of jou boedel, nie. Daarom word dit "geag" om eiendom te wees - ja, net sodat dit belasbaar gemaak kan word.

Daar is wel twee gevalle waar die polisopbrengs aftrekbaar sal wees vir boedelbelasting.

Die eerste is 'n begunstiging aan 'n openbare weldaadsorganisasie (PBO). Dit kan help om jou totale boedelbelasting-las te verminder, maar uiteraard dra dit niks by tot voordeel van familie-begunstigdes nie.

Die tweede is die begunstiging van die polisopbrengs aan 'n oorlewende gade, ingesluit iemand met wie die oorledene in 'n langtermynverhouding was wat bedoel was om permanent te wees.

Maar hieraan is 'n stertjie gekoppeld.



Die artikel wat die opbrengs aan 'n gade uitsluit, bepaal ook dat as die gade 'n bedrag geld aan enige persoon moet oormake as voorwaarde om die polisopbrengs te kan kry, word die waarde van daardie ander bedrag eers afgetrek.

Wanneer is 'n polis vrygestel?

En dan is daar drie gevalle waar 'n polis wel vrygestel is van boedelbelasting.

'n Vrystelling is anders as 'n aftreking. Die een word glad nie in ag geneem nie, die ander wel, maar dan word dit afgetrek.

Die eerste vrystelling is vir gevalle waar die polis uitgeneem is of gesedeer word ingevolge 'n voor- of nahuwelike kontrak. Met die voorwaarde dat die polisopbrengs beskikbaar moet wees vir óf 'n oorlewende gade óf 'n kind van die oorledene. 'n Verdere voorwaarde is dat die kontrak geregistreer moes wees.

Die tweede is 'n polis wat uitgeneem word om 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms te finansier. Dit is waar vennote of medeaandeelhouders 'n ooreenkoms sluit om by dood van een die oorlewende party se aandeel te kan koop.

Die voorwaarde vir die vrystel van die polis vir boedelbelasting is dat die polis uitgeneem moes word deur iemand wat ten tye van die dood van die oorledene 'n vennoot of medeaandeelhouer in 'n

saak was.

Dit moes uitgeneem gewees het met die uitsluitlike doel om die oorledene se aandeel uit te koop.

En, baie belangrik, geen premie op die polis mag deur die oorledene betaal gewees het nie.

As jy in 'n koop-en-verkooptransaksie is wat deur lewensversekering gefinansier word, sal ek sterk aanraai dat jy die bes moontlike kundigheid bekom.

Ek het regtig al snaakse goed gesien. Dit is duidelik dat nie alle makelaars hulle steur aan die vereistes nie.

Die derde vrystelling is 'n interessante een. Dit word gewoonlik aangewend om sogenaamde sleutelpersoonversekering te finansier.

In so 'n geval word die polis uitgeneem om te help vergoed vir die finansiële verlies weens die dood van 'n direkteur of sleutelwerknemer in 'n saak.

Die wet beperk egter nie die polis tot 'n sleutelpersoon nie. Dit word beskryf as 'n polis op die lewe van 'n ander. Maar daar is streng voorwaardes.

Die polis moenie uitgeneem gewees het deur of die bemiddeling van die oorledene nie en geen premie mag betaal gewees het deur die oorledene nie.

Verder geld dit ook net as geen deel van die polisopbrengs uitbetaal aan die oorledene se boedel, of tot voordeel van

enigeen wat afhanklik was van die oorledene of 'n maatskappy wat te enige tyd 'n familiesaak was nie.

Erfgename kan benadeel word

As 'n lewenspolis aan een van die vrystellingsvereistes, of liever aan al die vereistes van die onderskeie vrystellings voldoen, sal dit nie in die oorledene se boedel opgeneem word nie en is dit nie vatbaar vir boedelbelasting nie.

Anders as dit, soos hierbo genoem, word dit opgeneem in die boedel van die oorledene en word dit in ag geneem by die berekening van boedelbelasting.

Dit is baie belangrik om hiervan kennis te neem, want baie mense begunstig polisse aan byvoorbeeld kinders, sommiges selfs polisse wat hulle meen vrygestel is onder van die vrystellingsklousules hierbo, en dan beland die waarde in die boedel en word boedelbelasting gehef.

Dit kan 'n likiditeitsprobleem in die boedel skep en erfgename kwaai benadeel.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijzen.